# POLISIE EN SWERWER-SPEUR-DER

## No. 30
## Die Geheim in die Graf



GERRIE RADLOFF

Die struike kraak van die motor se kant af. Toe Jagter op die graskol verskyn, het die getroue hond reeds gesien in watter penarie sy baas verkeer. Sy aanval is so vinnig dat sy vorm skaars onderskei kan word – dit is net 'n grys skaduwee wat skielik krappend, skeurend en knorrend in 'n orkaan van vlymskerpe naels en slagtande tussen hulle invlieg.
Hulle gil. Hul rewolwers in almal in hulle sakke.
Hulle probeer wegkom, maar dan steier 'n paar van hulle teen die grond soos Obed hulle van hom af wegstamp. 'n Oomblik later duik hy na die struik waar hy sy rewolwer laat val het. Dit is nog daar. Hy swaai om en vuur 'n paar skote in die lug af.
Tegelykertyd roep hy na Jagter.
Dit lyk asof die hond vir die eerste keer grondvat.
Net eenkeer kyk hy half teleurgesteld na Obed en dan kom hy sterswaaiend nader.

Stofomslag: Chris du Plooy



## INHOUD

| Hoofstuk | | Bladsy |
|---|---|---|
| 1. | Boodskap van die Dode | 3 |
| 2. | Die Waarskuwing | 12 |
| 3. | In die Kamp van die Vyand | 22 |
| 4. | Geslote Deure | 32 |
| 5. | Die Oop Graf | 44 |
| 6. | Die Lykskouing | 63 |
| 7. | Ses teen Een | 72 |
| 8. | Die Ontmaskering | 85 |

Hoofstuk 1

# BOODSKAP VAN DIE DODE

Die telefoon lui skril op die hoek van die lessenaar in die studeerkamer van Drie Gewels, die sierlike woning in Linden, Johannesburg. Obed de Swardt roer vir 'n oomblik nie, asof hy onbewus is van die geluid. Sy oë jaag nog oor 'n paar reëls op die bladsy van die boek waarin hy lees, asof hy traag is om die verhaal te onderbreek.

Weer lui dit skerp en met 'n effense sug maak Obed die boek toe en swaai sy bene van die rusbank af waarop hy uitgestrek gelê het. Op sy gemak sit hy die boek langs hom neer en druk met sy hande teen die sagte kussings om hom orent te stoot.

Hy voel nog effens styf, want hy was pas 'n geruime tyd in die hospitaal om te herstel van beserings wat hy opgedoen het toe hy ondersoek ingestel het na die geheimsinnige ontploffings in sekere myne. Hy het die saak opgelos, naelskraap van die dood ontkom en sedert hy die hospitaal verlaat het—'n paar dae gelede—het hy sonder die minste gewetenswroeging soggens laat geslaap, na hartelus die maaltye wat sy ou korrelkop-kok, Amos, vir hom voorberei het, opgesmul, en gedurende die dag tot saans laat sy kennis met sy gevulde boekrakke hernieu en net af en toe kort entjies met sy getroue wolfhond, Jagter, gaan wandel. Hy het sy vriende laat verstaan dat hy wil rus en daarom is hierdie oproep 'n steuring—al kom dit ook uit watter oord.

Die telefoon skel steeds ongeduldig van die lessenaar af. Obed slenter nader. Gedurende die afgelope rukkie het hy geleentheid gehad om sy geheue te verfris met knap speurwerk wat tot die oplossing van bekende moordsake gelei het. Hy het ook weer tyd gehad om die dagkoerante te bestudeer—iets wat hom in sy werk baie help deurdat dit hom in staat stel om op hoogte van sake te bly—iets waarvoor hy heel dikwels te besig en te gejaagd is.

Hy strek sy hand luierig uit. Hy laat die telefoon nog 'n keer 'n aanslag op die stilte maak asof hy hoop dat die persoon aan die anderkant sal aflui.

,,De Swardt hier,'' sê hy dan nadat hy die gehoorstuk liggies

teen sy oor gedruk het.

,,Meneer De Swartd!" roep 'n jongdame se stem aan die anderkant uit. ,,Dank die vader dat jy tuis is!" Hy weet dat sy jonk is, want die klank van haar woorde is helder en gevul met jeugdigheid. Die besadigheid en rypheid wat deur die jare gebring word, het dit nog nie aangetas nie. Hy sien silwer—koel waterstrome in groen bergklowe onderwyl hy antwoord.

,,Ek is gewoonlik tuis," sê hy vriendelik, want haar enkele opgewonde uitroep het hom wakker geskud tot die besef dat daar ander aangename dinge is om te doen as om luilekker op jou rug te lê en lees. ,,Dit klink asof jy gesukkel het om my in die hande te kry?"

,,Nee," verseker sy hom vinnig en nou ontdek hy ook die vrees, die onderdrukte spanning en 'n mate van weemoed in haar stem. ,,Dit is die eerste keer dat ek bel. Die saak is net—so dringend—dringend vir my. Ek moet jou spreek, meneer De Swardt," eindig sy saaklik.

,,Wel," sê hy en lag gerusstellend. ,,Ons kan so 'n reëling maak, maar ek sal graag wil weet wie ek..."

,,Maar ek..."

,,Ek ken jou adres, meneer De Swardt," val sy hom in die rede. ,,Ek kan nie langer praat nie. Sal oor 'n halfuur nog daar wees—sal jy alleen daar wees?"

,,Kyk, Juffrou of..."

,,Sal jy, meneer De Swardt?" keer sy hom effens uitasem.

,,Ek sal hier wees."

Die instrument klik in sy oor. Sy het dit neergesit sonder om tot siens te sê. Hy kyk 'n oomblik na die telefoon en lig sy wenkbroue op asof hy daarvan wil weet wat nou eintlik aan die gang is. Dan plaas hy die spreekbuis stadig in die mikkie terug.

Op sy lessenaar lê 'n koerant oopgevou. Sy oë dwaal doelloos daaroor totdat dit vir 'n oomblik weer op die beeldskone maar bedroefde gelaat van Hermigne Desroux rus. Haar foto verskyn saam met 'n kort verslag oor haar vader—die miljoenêr—sakeman wat twee dae gelede na 'n lang siekbed oorlede is. Obed onthou nog dat hy gelees het dat die begrafnis vanmiddag plaasvind. Sy is glo die enigste dogter en hy wonder half ingedagte watter uitwerking





die verkryging van so 'n fortuin op haar sal hê. Erfgeld is...

Wel—hy haal sy skouers op—hyself het heelwat geërf. Hy besit 'n groot plaas in die Bosveld waar 'n knap voorman sy sake vir hom behartig. Uit daardie inkomste alleen is Obed verseker van 'n sorgvrye bestaan vir die res van sy lewe. Afgesien daarvan egter, het hy aandele in verskèie ondernemings.

Hy het goed gepresteer op universiteit en sedertdien het hy hom bekwaam in vakke soos kriminologie, sosiologie en ander. Ondersoeke wat hy waarneem, doen hy uit intense belangstelling en selde om vergoeding.

Hy slenter terug na die rusbank. Sy verbeelding speel rond met al die moontlke verklarings vir daardie dringende telefoonoproep. Ten spyte van sy traagheid om toe te laat dat iets inbreuk op sy rus doen, is sy nuuskierigheid nou geprikkel en hy kyk vlugtig na sy polshorlosie asof hy wil vasstel hoe en watter gedeelte van die halfuur nog oorbly.

Eindelik het hy verwag dat 'n paar van die kêrels hom ná die rugbyoefening sou kom opsoek. Verlede Saterdag het Diggers verloor en die breier het hom laat weet dat hy so gou as moontlik sy plek moet kom volstaan. Hy het hom feitlik as 'n verraaier en 'n droster verwyt. Obed glimlag. Hulle is 'n lekker klomp bymekaar en onderwyl hy in die hospitaal was en nou sedert hy tuis is, het hy die oefeninge en die wedstryde regtig gemis. Hy sal graag vanjaar weer sy plek vir Transvaal wil oopspeel.

Jagter kom by die oop voordeur in en met die gang af na die studeerkamer toe. Hy het seker die telefoon hoor lui, dink Obed. Hy streel die wolfhond se kop. Die lewendige dier het Obed, vandat hy uit die hospitaal gekom het, nie gedurig uit die huis probeer sleep om met hom te speel of te gaan hardloop nie. Dit is asof hy besef dat Obed nie heeltemal op sy stukke is nie.

Sodra Obed weer die boek optel en op die rusbank gaan lê, snuffel Jagter nog so een keer op sy bors en stap dan weer uit na die stoep of die tuin toe. Obed vind die plek waar hy opgehou lees het, maar sy gedagtes dwaal terug na die gespanne, amper histeriese stem van die dame wat hom gebel het.

Jagter se enkele blaf laat Obed opstaan en op die stoep uitstap. In die nag sal Jagter 'n heeltemal ander keel opsit. Selfs gedurende die

dag het Obed al agtergekom dat hy op verskillende toonhoogtes aankondig wat of wie besoek by die huis kom aflê. Daardie blaffie dui 'n mooi jong dame aan.

,,Drie Gewels'' is op 'n erf van 'n halfmorg gebou, soos die meeste van die ander spoghuise in hierdie vooraanstaande buurt. Daar is dus min van die gewone stadsgeraas en Obed hoor die motor in die pad.

Toe dit langs die stoep stilhou en die welgeklede dame daar uitklim, weet Obed dat hy met Hermigne Desroux te doen het.

Hy merk baie dinge op onderwyl hy haar met die treetjies af tegemoet gaan en Jagter al om die Jaguar rondsnuffel, en af en toe terugstaan om by die voorste venster in te kyk waar die chauffeur agter die wiel bly sit het.

Hermigne het donker hare wat aan die een kant van haar gesig terug gekam is sodat dit nogtans haar oor bedek. Dit hang egter oor die linkerkant van haar voorkop en bedek haar linkeroog en wang. Haar bleek, amper wit, gelaat loer agter hierdie skerm uit en haar oë kruip diep daarin weg.

Haar neus is fyn, maar haar mond is vol en die rondings van haar wange en ken swel soos die soepelheid van haar liggaam.

,,Meneer De Swardt?'' verneem sy angstig en hy sien dat sy vlugtig deur die tuin en na die huis se kant kyk.

,,Ja,'' antwoord hy beleef, ,,en jy is juffrou Desroux?''

Haar oë is van nature nie groot nie. Wanneer dit soos nou na sy aanmerking, effens op skrefies trek, is dit amper onmoontlik om die uitdrukking daarin vas te stel.

Haar gelaat is strak en hy kan raai dat dit as gevolg van die verlies van haar vader is, sodat hy daaruit ook min aanduiding van haar gevoelens kry.

,,Ek het jou foto in die koerant gesien,'' verduidelik hy sonder meer. ,,Sal jy binnekom?''

Sy stap vooruit met die trappies op en Obed lei haar na die kamer. Sy versoek hom om die deur toe te maak en hy doen dit sonder om die minste teken van verbasing te toon. Hy beduie na 'n leunstoel en hou haar dop onderwyl sy plaasneem. Haar bewegings is effens senuweeagtig, maar tog kry hy die indruk dat sy volkome beheer oor haarself het. Sy het 'n fyn opvoeding gehad en





kan haar emosies onderdruk.

,,Hulle noem jou die Swerwer—speurder, nie waar nie?'' verneem sy ernstig, sodra Obed teenoor haar gaan sit het. Hy knik.

,,Dit is jy,'' vervolg sy asof sy wil seker maak dat sy met die regte man te doen het, ,,wat die sabotasiebendes uitgewis het, die Manine Minette-ontvoering, die afpersingsaak van . . .''

,,Dit is ek, juffrou Desroux,'' val hy haar in die rede.

,,Kan ek. . .''

,,Dit is reg,'' keer sy hom. ,,Ek herken jou nou ook. Party van die sake was opspraakwekkend en jou foto het in die koerante verskyn. Jy is ook 'n bekende rugbyspeler.'' Daar is 'n flikkering in haar oë en Obed laat sy oë sak voor die skielike besef wat so duidelik by haar te bespeur is dat hy 'n uitsonderlike jongman is.

,,Jy het baie opgewonde geklink toe jy my gebel het, juffrou Desroux,'' sê hy haastig omdat hy nie in 'n relaas oor sy prestasies belangstel nie. ,,My innigste medelye met die heengaan van jou vader.''

Sy laat haar kop sak. Dadelik egter kyk sy hom weer vol in die gesig en weereens vind hy dit moeilik om vas te stel wat sy dink.

,,Die begrafnis was vanmiddag,'' sê sy afgemete. ,,By die graf van my vader het ek vir die eerste keer tot verhaal gekom. Dit is asof ek gedurende die afgelope paar dae in 'n dwaal verkeer het. Sekere gedagtes het tot my teruggekeer.'' Sy aarsel. Die kneukels van haar hande is wit soos sy die leuning van die stoel vasklou. ,,My vader is vermoor, meneer De Swardt!'' bars sy dan uit.

Hy sit verstom, maar dit is asof haar woorde hom nie heeltemal onverwags tref nie. Toe hy haar gesien het en besef dat dit sy is wat hom gebel het, het hy hom vir 'n hele paar moontlikhede voorberei. Afpersing, prokureurs wat geld verkwansel—maar moord!

,,Dit is 'n ernstige aantyging, juffrou Desroux,'' sê hy uiteindelik, tydsaam. ,,Oor watter inligting beskik jy?''

,,Niks! Niks!'' roep sy radeloos uit. ,,Dit is net dat vader die aand voor sy dood vir my gesê het dat sy lewe bedreig word. Dit was net een sin, en hy het my dadelik versoek om dit te vergeet. Hy wou my nie ontstel nie en hy wou niks verduidelik nie.''

,,Ek weet nou dat hy my in sy vertroue wou neem omdat hy

niemand anders gehad het na wie hy hom kon keer nie, maar dat hy toe weer besluit het om my nie daarmee te belas nie."

,,Maar ek verstaan nie." Obed frons liggies. ,,Jou vader was lank siek. Volgens die koerantberigte was sy hart swak en het hy daaraan beswyk. Die dokter—jou moeder; daar moes tog ander mense gewees het met wie hy kon gesels en van sy gevaar vertel."

'n Paar sekondes lank oorweeg haar blik die man wat sy blykbaar gekies het om haar probleem aan voor te lê. Dit lyk asof sy wonder of sy die regte ding gedoen het

,,Dit is vir my baie moeilik om hierdie dinge te sê, meneer De Swardt," begin sy gedemp. ,,Dit het 'n onweerstaanbare impuls geverg om jou in die eerste plek te bel. Die feit is dat my vader niemand—niemand anders gehad het na wie hy hom in sy nood kon keer nie. Niemand wat hy kon vertrou het, het toegang tot hom gehad behalwe ekself nie."

Obed kyk weg. Die implikasie van haar woorde ontgaan hom nie.

,,Jy weet seker," hervat sy asof sy nie heeltemal seker is watter indruk sy by hom geskep het nie. ,,Dit is my stiefmoeder."

,,Jy sal my verskoon, juffrou Desroux," sê Obed ernstig. ,,Ek moet aan jou verduidelik dat ek in geen amptelike hoedanigheid optree nie . . ."

,,Maar waarom dink jy dat ek hierheen gekom het?" val sy hom skerp maar steeds senuweeagtig in die rede.. ,,Ek durf nie na die polisie gaan nie, meneer De Swardt. Ek het absoluut geen bewyse—geen ander inligting nie—dit is maar net my indrukke en daardie enkele sin van vader . . ."

,,Behoort dit nie aan die polisie meegedeel te word nie," sê Obed sag, maar bloot om haar die verantwoordelikheid van sy posisie te verstaan. ,,Ek neem aan, juffrou Desroux, dat jy jou stiefmoeder en die dokter verdink van . . ."

,,Ek weet nie! Ek weet nie!" Sy sit haar hande voor haar gesig sodat haar linkerhand heeltemal onder haar hare versteek is.

,,Kyk, juffrou," keer Obed haar streng. ,,As jy verwag dat ek jou moet help, moet jy openlik wees. Ek wil jou net waarsku dat dit teen die wet is om inligting van die polisie te weerhou. Indrukke is 'n ander saak, maar ek sal dan graag meer wil weet. As jou





stiefmoeder iets met die saak te doen gehad het, sal die dokter medepligtig moet wees, want die doodsertifikaat—volgens die koerante—dui aan dat jou vader aan 'n hartaanval oorlede is. Wat is jou vermoede?"

,,Ek weet nie!" roep sy weer uit. ,,Miskien moes ek liewer glad nie hiernatoe gekom het nie. ,,Miskien . . ."

,,Maar watter ander indrukke het jou stiefmoeder by jou geskep? Wat het jou laat dink . . ."

,,Dit is asof ek in 'n klooster woon," vaar sy meteens uit. ,,My elke beweging word dopgehou. Toe ek gebel het, kon ek nie praat nie, omdat daar iemand digby was. Miskien het hul my selfs hierheen gevolg. Miskien . . ."

,,Wie is ,hulle'?" vra Obed skerp.

,,My stiefma, die dokter—O, ek weet nie! Ek is net bang. Ek weet net dat dinge aangaan wat . . . my eie lewe is dalk in gevaar." Onderwyl sy praat, sit sy vorentoe in die stoel. Haar gelaat is doodsbleek.

Obed het gedurende die jare van private speurwerk al 'n sesde sintuig ontwikkel—'n sintuig wat hom byvoorbeeld in staat stel om sake vinnig op te som, en munt te slaan uit indrukke. Op die oomblik weet hy dat hierdie meisie nie onsin praat nie—haar vrees vir haar eie lewe is miskien baie meer gegrond as wat sy self voel

Toe sy meteens van die stoel afgly, en op die tapyt val, is Obed reeds by haar. Dadelik maar versigtig tel hy haar kop op, en 'n enkele blik na die roerlose, geslote ooglede, stel hom in kennis dat sy flou geword het.

Met gemak en 'n sterk mate van tevredenheid, tel hy haar lig op, en lê haar op die rusbank neer. Hy het lanklaas harde oefening gehad en dit is met verbasing dat hy besef dat die bietjie spanning wat haar vertelling en houding by hom veroorsaak het, sy volle krag tot hom teruggebring het. Hy voel meteens fris en sy verstand is helder en opgewonde soos dié van 'n bloedhond wat die snuf van sy prooi in sy neus kry.

Amper dadelik flikker haar ooglede oop. Net 'n oomblik staar sy verbaas om haar heen, dan vestig haar oë op hom.

,,Ek—ek . . ."

,,Ek ontbied dadelik 'n dokter," sê hy vasberade.

Sy skud haar kop heftig.

,,Nee, nee, asseblief nie!" smeek sy. ,,Ons kan nie—ons durf nie . . . " Sy aarsel. ,,My vader is al wat ek in die lewe gehad het," sê sy dan. ,,Ons kan nie sy naam beswadder nie. Asseblief, meneer De Swardt, laat ons hierdie saak eers ondersoek; laat ons eers uitvind wat werklik gebeur het. Ek sal versigtig wees. Ek sal my kos dophou—en alles wat ek drink. Ek moet in elk geval dadelik teruggaan. Sy sal wonder wat van my geword het. Jy weet hoe om te werk te gaan. Ek vertrou op jou om reg te laat geskied. Asseblief—as jy die saak nie neem nie, eer dan die vertroue wat ek in jou gestel het, en vergeet dat ek ooit hier was."

Sy kyk hom angstig aan, en dit is vir hom duidelik dat sy heeltemal herstel het. Hy haal sy skouers liggies op—hy maak sy keel skoon.

,,Ek sal kyk wat ek kan doen, juffrou Desroux," belowe hy, ,,maar jy sal my moet help—iewers sal ons 'n begin moet maak."

,,Ek moet nou gaan," herhaal sy asof sy hom skaars gehoor het, en asof dit nou die oorwegende begeerte by haar is. ,,Dink daaroor. Jy kan my met vrymoedigheid bel."

,,Ek het 'n private telefoon." Sy verstrek die nommer. ,,Jy weet baie meer as ek, meneer De Swardt. Ek is onkundig en verward. Dit is maar net toe ek skielik voor die groot besef staan van daardie enkele sin van my vader dat ek onthou het dat ek van jou gelees het. Dit was nie moeilik om jou in die hande te kry nie. Ek moet nou gaan," sluit sy af en tree nader aan die deur.

Obed probeer haar nie terughou nie. Die verskillende kanale waarlangs hy met so 'n ondersoek kan begin, het hulle reeds in sy verstand gerangskik. Hy twyfel daaraan of sy hom veel meer sal kan vertel, en of hy enigiets uit haar vertellings sal wys word. Hy sal met haar in aanraking kom wanneer dit nodig is.

,,Die chauffeur?" verneem hy, en sy verstaan dadelik wat hy bedoel.

,,Hy was vader se persoonlike lyfbediende. Hy is die enigste wat ek durf vertrou. Ek weet dat hy vir vader sou gesterf het en dat sy lojaliteit nou na my oorgeplaas is." Hulle is reeds op die stoep. Sy leun vertroulik nader. ,,Ek dink dat hy ook iets vermoed," sê sy gedemp.





,,Ek het al gesien hoe hy my stiefma aanskou wanneer sy nie daarvan bewus is nie. Ek weet dat sy nie wou toelaat dat hy by vader kom gedurende die paar dae voordat hy ge. . ." Sy voltooi nie haar sin nie. Obed knik.

,,Ek sal jou bel sodra dit nodig word. Intussen moet jy beloof om voorsorgmaatreëls te tref vir jou eie veiligheid. Laat my weet van die geringste gebeurtenissie wat moontlik na 'n aanslag op jou lewe kan lyk. Maar, onthou, daar is baie metodes." Hy laat rus sy hand op haar arm toe hulle nog 'n entjie van die motor af is. Jagter het hulle tegemoet gekom en kyk hulle ondersoekend aan. ,,Blykbaar word jy reeds vergiftig—of so iets," waarsku hy ernstig. ,,Jy behoort 'n dokter te raadpleeg."

,,Nee," weier sy heftig. ,,Dit kan later kom. As ek dit nou doen, sal alles op die lappe kom."

,,Nou maar goed, sorg dan net dat die chauffeur—wat is sy naam?"

,,George Dalton— hy sal altyd naby my wees," verseker sy Obed.

Obed staan in die oprypad en kyk die motor agterna. Eers toe dit by die straat ingeswaai het, en hy die geswiep van die luukse—voertuig op die teerpad nie meer kan hoor nie, stap hy ingedagte terug na sy studeerkamer. Jagter gee kort opgewonde blaffies, asof hy agtergekom het dat sy baas weer aan die werk is.

,,Amos," bulder Obed in die gang af. ,,Bring koffie—ek wil dink."